Droogtehulp Projek

Inligtingsblad

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het in Oktober 2019 'n **ad hoc taakspan gemeenskapsversorging** in samewerking met **Caritas Gemeenskapsfokus NPC** (hierna Caritas), as gevolg van die droogte wat groot dele van die Noord-Kaap teister, daargestel.

Die ad hoc taakspan gemeenskapsversorging **fokus** veral op twee aspekte:

1 Die **emosionele en pastorale versorging** van boere en hulle gesinne in die droogtegeteisterde gebied. Hierin speel Caritas met die daarstelling van 'n 24-uur noodnommer en ondersteuning deur hulle beradingsentrum 'n groot rol.

2 Die **finansiële ondersteuning** van boerderygemeenskappe vir die verlening van humanitêre hulp in die droogtegeteisterde gebied. Vir die doel het die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland 'n bankrekening beskikbaar gestel en is 'n ***Werkswyse Rampdroogte Projek*** opgestel en goedgekeur.

Kontakbesonderhede van die ad hoc taakspan gemeenskapsversorging
Ds. Kobus van Tonder (voorsitter) kobusvt04@gmail.com
Ds. Christo Jonck (ondervoorsitter) cjonck@xsinet.co.za
Mev. Hanelie van Tonder hanelie1167@gmail.com

A. ROL VAN VENNOTE

Die ad hoc taakspan gemeenskapsversorging betrek verskeie bedieningsvennote in die uitvoering van hulle taak, hetsy as permanente lede van die taakspan of deur die koöpsie van kundigheid.

1. **Agri Noord-Kaap**
   Agri Noord-Kaap lewer belangrike insette rondom die identifisering en die prioritisering van nood.
   Kontakbesonderhede
   Me. Janine Byleveld (Bedryfsbeampte: Ekonomie, Handel en Natuurlike Hulpbronne)
   E-pos: janine@agrink.co.za

2. **Caritas gemeenskapsfokus NPC**
   Speel belangrike rol ten opsigte van pastorale versorging en bemarking.
   Kontakbesonderhede
   24 uur noodnommer: 083 415 1484
   Caritas terapiesentrum: terapiesentrum@caritas.org.za
   Me. Esté van der Merwe (Bemarkingsbestuurder: Caritas Gemeenskapsfokus): marketing@caritas.org.za

3. **Studente droogtehulpfonds (SDHF)**
   Dit is 'n fonds wat deur Ned. Geref. Kerk Keimoes en Ned. Geref. Kerk Neilersdrif geadministreer word. Aangesien die fonds 'n behoorlike werkswyse en riglyne in plek het en aan ouditvereistes voldoen, word ten nouste met hulle saamgewerk. Fondse word aan hulle bewillig vir hulp met skool-, koshuis- en universiteitsgelde aan studente en leerlinge in die droogtegeteisterde gebied.
   Kontakbesonderhede
   Me. Annemie Baard

cblp.kantoor@gmail.com
Facebook: https://web.facebook.com/SDHF-Studente-Droogte-Hulp-Fonds-Noord-Kaap-109186497128116/community/?ref=page_internal

4. **Diaconia: sinode van Wes Kaapland**
   Diaconia is die eenheidsbediening van die Verenigende Gereformeerde Kerk Streeksinode Kaapland en die Ned. Geref. Kerk Wes-Kaapland. Een van hulle fokusareas is om rampondersteuning te bied.
   Aangesien baie gemeentes in die Noord-Kaap droogtegeteisterde gebied binne die grense van die sinode van Wes Kaapland val is daar noue skakeling met *Diaconia*.
   Kontakbesonderhede
   Me. Ria Koen (Sekretaresse)
   diaconia@kaapkerk.co.za
   Ds. Nioma Venter
   nioma@kaapkerk.co.za

5. **Red 'n plaas**
   Red 'n plaas is Amore Bekker se inisiatief waardeur fondse gewerf word vir ons droogtehulpprojek in haar program, Alhoebekker op RSG.
   Webblad: https://www.rsg.co.za/rsg/wat_gebeur/red-n-plaas/

6. **Koppelgemeentes**
   Verskeie gemeentes van dwarsoor die land is direk betrokke by gemeenskappe in die droogtegeteisterde gebied. In vele gevalle is daar langtermynverbintenisse en ondersteuning vanuit hierdie gemeentes. Gemeentes of organisasies wat graag direk by gemeenskappe in die droogtegeteisterde gebied wil betrokke raak, kan met ds. Kobus van Tonder skakel by kobusvt04@gmail.com

B. WERKSWYSE RAMPDROOGTE PROJEK

1. Naam
Rampdroogte projek

2. Doel
2.1 Die Rampdroogte projek se doel is om humanitêre hulp te verleen aan gemeenskappe in die droogtegeteisterde gebiede in die sinode in Noord-Kaapland en ook buite die sinodale gebied.
2.2 Humanitêre hulp word onder andere soos volg gekategoriseer:
2.2.1 voorsiening vir huishoudelike onderhoud
2.2.2 brandstof
2.2.3 skool- koshuis en universiteitsgelde en
2.2.4 pastorale versorging van lidmate.

3. Beleid
3.1 Die sinodale kommissie vir hulpdienste (SKHD) **administreer** die fondse wat ontvang is vir die rampdroogte projek.
3.2 Fondse word deur die ad hoc taakspan gemeenskapsversorging **goedgekeur met motivering**.
3.2 **Aansoeke** vir die fonds sal op 'n gereelde basis deur die ad-hoc taakspan gemeenskapsversorging hanteer word.

3.3 Gemeentes kan slegs aansoek doen vir fondse indien hulle van voorneme is om die fondse toegeken te gebruik vir **humanitêre hulpverlening.**

3.4 Die fondse word slegs toegeken waar gemeentes **onderneem om in te skakel by 'n program** waarin:

- behoorlike **assessering** gedoen word van die nood in die gemeente en gemeenskap.
- **verslag** gedoen word van die aanwending van fondse

3.5 Fondse word toegeken in samewerking met Agri NK.

3.6 Agri NK se "prioriteitsbepaling" sal as riglyn gebruik word by die toekenning van fondse.

4. Bronne van die fonds

4.1. Vrywillige bydraes vanaf indiwidue, besighede, organisasies, gemeentes en ringe binne en buite die sinodale gebied.

5. Prosedure vir toekenning van fondse uit die rampdroogte hulpfonds

5.1 Die ad-hoc taakspan gemeenskapsversorging berei goedgekeurde aansoeke voor vir uitbetaling deur SKHD.

C. BANKREKENING

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het 'n rekening beskikbaar gestel waarin donateurs fondse kan inbetaal waarmee gemeenskappe in die droogtegeteisterde gebiede ondersteun word:

Rekeningnaam	NG Kerk in Noordkaapland
Bank	ABSA
Tipe rekening	Tjekrekening
Rekeningnommer	940580684
Takkode	632005
Verwysing	Droogte en naam van donateur

D. VERSPREIDING VAN FONDSE

Die projekfonds werk basies met drie verspreidingskanale. Geen uitbetalings word direk aan indiwidue gedoen nie.

1. Gemeentes in Noord-Kaapland

Gemeentes kan by die ad hoc taakspan gemeenskapsversorging aansoek doen vir humanitêre hulp. Aansoekvorms kan aangevra word by ds. Kobus van Tonder by kobusvt04@gmail.com

Riglyne vir aansoeke en aanwending

Gemeentes kan slegs aansoek doen vir fondse indien hulle van voorneme is om die fondse toegeken, te gebruik vir **humanitêre hulpverlening**.

Humanitêre hulp word onder andere soos volg gekategoriseer

- voorsiening vir huishoudelike onderhoud
- brandstof
- skool-, koshuis- en universiteitsgelde en
- pastorale versorging van lidmate.

Die fondse word slegs toegeken waar gemeentes onderneem om in te skakel by 'n program waarin:

- behoorlike assessering deur gemeentes gedoen word van die nood in die gemeente en gemeenskap.
- verslag gedoen word van die aanwending van fondse

Sover moontlik moet die aanwending van hierdie fondse nie alleen lidmate van gemeentes bevoordeel nie, maar ook ander in die gemeenskap wat direk deur die droogte geraak word.

2. **Agri Noord-Kaap** wat ook humanitêre hulp verleen deur die verspreiding van koopbewyse.

3. **Studente droogtehulppfonds** (SDHF). Dit is 'n gesamentlike projek van die Ned. Geref. Kerk Keimoes en Ned. Geref. Kerk Neilersdrif. Aangesien die fonds 'n behoorlike werkswyse en riglyne in plek het, word ten nouste met hulle saamgewerk en fondse aan hulle bewillig vir hulp met skool-, koshuis- en universiteitsgelde aan studente en leerlinge in die droogtegeteisterde gebied.

E. OPSOMMING VAN HULP VERLEEN

Droogtehulp projekfonds

November 2019 tot Februarie 2021

Ontvang			**R4 141 413**
Uitbetalings			**R4 141 000**
	NGK Vanwyksvlei	R 245 000	
	NGK Kenhardt	R 666 000	
	NGK Williston	R 150 000	
	NGK Loxton	R 300 000	
	NGK Vosburg	R 165 000	
	NGK Brandvlei	R 425 000	
	NGK Carnarvon	R 140 000	
	NGK Neilersdrift	R 50 000	
	SDHF Keimoes	R1 600 000	
	Agri NK	R 300 000	
	NGK Kakamas	R 75 000	
	NGK Vanzylsrus	R 10 000	
	NGK Kammieskroon	R 15 000	

F. OUDITEURE

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland se ouditeure is Enslins public audit & consulting.
Fisiese adres: Salgos Centre
Georgestraat 59-71
Kimberley
Posadres Posbus 1690
Kimberley
8300
Webadres www.enslins.co.za
Telefoon 053 831 1080
E-pos info@enslinskby.co.za

G. FINANSIËLE STATE

Die projekfonds vorm deel van Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland se state en is ter insae te Lawsonstraat 72, Labram, Kimberley.
Rig navrae aan: Mev. Estha Badenhorst by finans@noordkaapland.co.za

H. MEDIABLOOTSTELLING

Besoek die projek se Facebook-blad by: https://web.facebook.com/droogtehulpngknk/

Op die webbladsy van die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland kan meer gelees word:

1. **Droogte… "Sal ek kan graad vang?"**: http://noordkaap.ngkerk.net/2019/08/19/droogte-sal-ek-kan-graad-vang/
2. **Dit lyk asof Noord-Kaap "brand" weens die droogte**: http://noordkaap.ngkerk.net/2019/11/11/dit-lyk-asof-noord-kaap-brand-weens-die-droogte/
3. **Sinode in Noord-Kaapland het reeds R597 000 bewillig vir droogteverligting**: http://noordkaap.ngkerk.net/2019/11/11/sinode-in-noord-kaapland-het-reeds-r597-000-bewillig-vir-droogteverligting/
4. **Karoodroogte: Dit is waar, ons was daar!**: http://noordkaap.ngkerk.net/2019/11/25/karoodroogte-dit-is-waar-ons-was-daar/
5. **Noord-Kaap Droogte: Kinders se Toekoms… die feite van skool uitgawes**: http://noordkaap.ngkerk.net/2019/12/03/noord-kaap-droogte-kinders-se-toekoms-die-feite-van-skool-uitgawes/
6. **Dankie vir Red-'n-Plaas**: http://noordkaap.ngkerk.net/2020/01/27/dankie-vir-red-n-plaas/
7. **Droogtehulpprojek op dreef:** http://noordkaap.ngkerk.net/2021/03/07/droogtehulpprojek-op-dreef/